

# ***RIGLYNE VIR VERHOOGGEDRAG: DIE HOEKOMS & HOE'S***

Al te dikwels sien ons jong deelnemers wat nie so goed op die verhoog vertoon as wat hulle kan nie. Hier volg dus enkele riglyne om jou te help om 'n beter indruk op gehore en die beoordelaarspanele te maak.

Jy mag dalk dink dat mense net geïnteresseerd behoort te wees in hoe jy klink, maar die visuele aspek van wat jy aanbied is deel van die 'pakket' en is baie belangrik as dit kom by hoe 'n gehoor op jou en jou uitvoering reageer. As jy die visuele aspek verbeter, sal jy sommer beter en meer tuis op die verhoog voel, wat weer in jou spel/sang weerspieël sal word.

Dit is belangrik dat die gehoor vanaf die eerste oomblik dat jy op die verhoog stap 'n verbintenis met jou voel. Dit laat hulle betrokke voel en maak hulle geïnteresseerd in jou nog voordat jy begin optree. Dit werk ook andersom deurdat dit jou daaraan herinner dat jou doel op die verhoog is om iets aan die gehoor oor te dra.

## **1. DINGE WAT BEPLAN MOET WORD VOORDAT JY OP DIE VERHOOG GAAN**

- **Die musiekstaander (nie-pianiste):** Maak seker dat die gehoor jou gesig kan sien. In die reël behoort die bokant van die staander nie hoër as jou skouers te wees nie, selfs laer indien moontlik.
- **Die musiekstaander (pianiste):** Tydens die uitdunrondes hoef jy nie die staander van die klavier te verwyder nie. Slaan net die staander plat.
- **Blaasinstrumentaliste:** Moet **NOOIT** iets bo-op die klavier neersit nie. Kleinere dingetjies moet óf in jou sakke gehou óf binne die klavier gebêre word. Klarinetspelers wat twee klarinette gebruik moet 'n klein staander bring sodat een klarinet op die vloer neergesit kan word.
- **Moet jy water op die verhoog neem?** Daar word heelwat hieroor verskil, maar hier is my mening: Baie beoordelaars vind dit onnodig, veral vir kort rondes. Boonop kan jou glas of bottel water nie bo-op die klavier staan nie en dus moet jy afbuk grond toe om dit op te tel, wat nie baie elegant is nie. Dit is egter 'n feit dat 'n droë mond spelers van blaasinstrumente en sangers negatief kan beïnvloed. Sommige musici kan 'n droë mond teëwerk deur hulle te verbeel hulle eet 'n suurlemoen. Die blote gedagte aan 'n suurlemoen laat die speeksel by die meeste van ons vloei. Jy kan dus ewe elegant op die verhoog staan en 'n droë mond voorkom net wanneer dit jou pas, sonder om op iets staat te maak wat die meeste beoordelaars óf pretensieus óf fisiek lomp sal vind.

## **2. DIE WERKLIKE VERHOOGAANBIEDING**

(Oefen dit voor enigeen wat wil help.)

- **Hoe om op die verhoog op te stap – jy moet vanaf die eerste oomblik met die gehoor kontak maak:** Terwyl jy wag om op te gaan, beplan jou opstap sodat jy nie te veel aandag hoef te skenk aan waar jy loop nie. Leer om te loop terwyl jy reguit na die gehoor kyk. Stap doelgerig, sodat dit nie lyk asof jy drentel nie, maar darem ook nie asof jy hardloop nie. Staar regop (maar nie stokstyf nie) en moenie jou voete skuifel nie.
- **Glimlag** met tande wat wys! Dit stel die gehoor op hul gemak en help jou om te 'ontdooi'.

- **Moet NOOIT jou rug op die gehoor keer nie:** Pianiste wat buig met een hand op die klavier moet daardie posisie bereik sonder dat hulle hoef om te draai en hul rug op die gehoor keer. Pianiste moet ook probeer om nie agter die klavier om te stap nie, want dit verberg hulle tydelik en verbreek kontak met die gehoor. Dit is nie altyd moontlik om dit te vermy nie en hang af van waar die deur na die verhoog is maar, indien moontlik, loop voor die klavier verby.
- **Buiging:** Dis belangrik dat jy buig vóór die gehoor ophou om hande te klap. As die applous begin afneem, moenie huiwer om net daar te stop en te buig nie. Stap ná jou buiging na die middel van die verhoog. (Dog, as jy dít doen kry die begeleier dalk nie kans om ook te buig nie, veral as hy/sy steeds besig is om agter die klavier om te beweeg. As dit gebeur, maak dus dubbel seker dat jy aan die einde van die uitvoering sy/haar bydrae erken). As jy die middel van die verhoog bereik terwyl die gehoor nog klap, buig voordat jy enigiets anders doen. Gehore hou op om applous te gee as hulle dink jy gaan nie buig nie. As jy dan wél buig, kom dit onbeholpe voor.
- **Die buiging self:** Dit verg oefening. Vind iets om met jou arms en hande te doen, sodat jy nie styf lyk of voel nie. Buig dan vooroor (nie te vlak nie). Vir hierdie gedeelte kan jy na jou voete kyk. Laastens, moenie jou haas nie. Tel stadig tot drie wanneer jou buiging sy laagste punt bereik. Kom dan regop, terwyl jy STEEDS GLIMLAG! (En kyk weer na die gehoor.)
- **As jy 'n staander gebruik,** gaan staan langs die staander vir jou buiging ná jou uitvoering, anders buig jy dalk teen die staander vas of verloor jy visuele kontak met die gehoor.
- **Buiging wanneer jy met 'n orkes optree:** Buig gewoonweg wanneer jy op die verhoog gaan. Aan die einde van die uitvoering moet jy heel eerste die bydrae van die dirigent en die orkes erken. Doen dit deur eers die dirigent se hand te skud, waarna die konsertmeester aan die beurt kom. Buig eers daarná vir die gehoor.

### 3. TUSSEN STUKKE IN 'N UITVOERING

- Maak **aan die einde van die stuk** seker dat jou visuele boodskap aan die gehoor duidelik toon dat jy klaar is. Sommige stukke eindig op 'n wyse wat nie juis voor die hand liggend is nie. Liggaamstaal is hier die sleutel.
- **Meer applous – meer buigings:** Jy **MOET** erkenning vir applous gee, behalwe tussen bewegings van 'n enkele stuk.. Dink só daaraan: applous is 'n gehoor se manier om 'dankie' te sê. In gesproke taal, as iemand 'dankie' sê, reageer jy deur 'nie te danke', 'dis 'n plesier', of iets soortgelyk te sê. As jy niks sê nie, kan dit as onbeskof en verwaand voorkom. Deur nie op die applous te reageer nie kan dieselfde indruk geskep word. Jy wil dalk nie jou diepste buiging tussen stukke maak nie (die keuse is joune) maar maak minstens 'n gedeeltelike buiging of gee 'n sigbare knik van die kop - nie te vinnig of te vlak nie, want dit kan onverskillig lyk.
- **Moenie oorhaastig met die volgende stuk wegval nie:** Jy het tyd nodig om vooruit te dink en in die regte luim vir die volgende stuk te kom. Die gehoor benodig op hulle beurt weer tyd om die vorige stuk ten volle te verwerk. Dit bring die konsep van vloei na vore: goeie vloei beteken kort pouses tussen bewegings, langer pouses tussen volledige stukke, maar geen pouse só lank dat dit die kontinuïteit van jou aanbieding verbreek nie. Spelers van blaasinstrumente wat met water in hul instrumente te kampe het moet dit so vinnig en so soetjies as moontlik hanteer sodat die kontinuïteit nie verbreek word nie.

#### 4. AAN DIE EINDE VAN JOU UITVOERING

Moenie afstap asof jy haastig op pad huis toe is nie. Kyk **na** die gehoor, GLIMLAG!, maak jou mees ontspanne en diepste buiging, tel tot drie en kom weer orient. Gee erkenning aan die begeleier (of orkes as jy een het) en buig weer. Nou kan jy op 'n ontspanne wyse afstap.

#### 5. AS IETS TYDENS JOU UITVOERING VERKEERD GELOOP HET

GLIMLAG! Deel van professionalisme is om probleme te oorkom en ongehinderd voort te gaan. Die meeste van die kleiner probleme word in ieder geval nie deur die gemiddelde gehoor opgelet nie. Om dus gesig te trek of ontevredenheid op enige wyse te toon, lig die gehoor in dat iets verkeerd geloop het. GLIMLAG net en buig soos gewoonlik.

**TEN SLOTTE: SKEP DIE INDRUK VAN ONTSPANNENHEID, WARMTE, VRIENDELIKHEID EN OOPHEID, DAT JY BLY IS OM DAAR TE WEES, OORGEHAAL OM TE KOMMUNIKEER EN JOU TALENT MET DIE GEHOOR TE DEEL, EN DAT JY OPREG DANKBAAR IS VIR DIE APPLOUS WAARMEE JY VIR JOU UITVOERING BEDANK WORD. JY SAL VERBAAS WEES HOEVEEL JOU POGING OM DAARDIE INDRUK TE SKEP JOU GAAN HELP OM WERKLIK SO TE VOEL. DIT KAN NET GOEIE GEVOLGE VIR JOU UITVOERING INHOU.**



### ***VERHOOGDRAG: DIE HOEKOMS & HOE'S***

Style verander jaarliks, afhangende van wat in die mode is. Daar is egter algemene riglyne vir hoe om goed en professioneel te lyk en gemaklik te wees sonder dat iets wat jou beweging of asemhaling belemmer jou aandag aftrek.

Hou ook die gehoor se aandag op die ouditiewe eerder as op die visuele gefokus. Skerp kleure (insluitende naelpolitoer), opgesmukke style, ens. trek die aandag af. Stemmig en stylvol is altyd beter.

Die verhoog is 'n warm omgewing en deelnemers kan warm kry soos tydens fisieke arbeid. Maak voorsiening hiervoor in jou kleredrag.

#### 1. UITDUNRONDES

Hou by deftig informeel. Wat jy ook al dra, dit moet netjies wees.

- **Jeans:** Nee. Sommige beoordelaars vind jeans slordig, ongeag hoe nuut of gestryk. Wat alle ander langbroeksoorte betref, maak seker dat jy nie op die some hoef te trap nie.
- **Skoene:** Beslis geen tekkies, strandsandale of plakkies nie. Kies altyd skoon, netjies en gemaklik. Splinternuwe skoene is dikwels ongemaklik. Loop hulle eers 'n bietjie in.

- **Skooluniform?** Die kleurbaadjies is warm onder verhoogligte en, kom ons wees eerlik, skooldrag is nou rêrig nie deftig nie. Jy sal gemakliker wees in iets anders.
- **Hare:** Ongeag die styl, dit vertoon swak as jy gedurig aan jou hare moet vat of hare uit jou gesig moet vee. Jy behoort regop te kan kom ná jou buiging sonder dat dit nodig is om eers jou hare te rangskik.

### Mans

- **Dasse of geen dasse?** Spelers van blaasinstrumente en sangers kan voel dat dasse om die keel beklemmend is. As jy ongemaklik voel met 'n das aan, moet dit nie dra nie. As jy egter van die voorkoms hou, knoop dit effens losser maar steeds styf genoeg om van die gehoor se kant af netjies te vertoon.
- **Hemde in of uit?** Daar is voordele verbonde aan 'n hemp wat uithang. Mens kan wegkom sonder die lyfband en jy het 'n bietjie meer ruimte vir asemhaal. As die hemp deftig en baie netjies is (m.a.w. gestryk), kan dit keurig lyk. Moet net nie die moue oprol nie.

### Dames

- **Roklengte:** Lang rokke is meer gepas vir die eindronde. Kies dus 'n deftig-informele styl van knie- of middelkuitlengte. Minirokke is taboe vir enige tipe uitvoering.
- **Broeke:** In die haak, mits dit deftig is. Geen laaggesnyde broeke en beslis geen naakte middelrif nie.
- **Halslyne:** Hou dit konserwatief. Jy moet kan buig sonder om te veel van jou liggaam te ontbloot.
- **Algemene stemming:** Sangers moet bewus wees van konteks: hoe somberder die onderwerp, hoe somberder die stemming van die rok.

## 2. FINAAL, KONSERTRONDES (met orkes) EN AANDKONSERTE, FORMEEL

### Mans

- **Aandpak of aandbaadjie?** Soos in die geval van uitdunrondes bedags is dit hier belangrik om hitte en skouerruimte in ag te neem. Jy kan baie deftig sonder 'n baadjie lyk as jy die volgende eenvoudige riglyne volg:  
**Broeke:** Slegs deftige broeke. Swart is basies en is in elk geval die 'uniform' van musici. Dit sal dus 'n goeie belegging wees.  
**Hemp:** Dit moet deftig wees. Niks anders is goed genoeg nie. Maak seker dat jy genoeg armruimte het. Moet nooit die moue oprol nie en as jy dit oopgeknoop verkies, maak slegs die boonste knoop los.
- **Alternatiewe vir baadjies:** 'n Deftige onderbaadjie (nie 'n gebreide dagbaadjie nie) of 'n kamarband (met 'n strikdas) kan deftig vertoon sonder 'n baadjie. Daar is ook hemde wat deftig genoeg op hul eie is. Die Madiba-styl hemp, dog nie in die bonter patrone nie maar in meer stemmige skakerings, kan ook goed vertoon sonder 'n onderbaadjie of kamarband. Dié met hoër krae hoef nie met 'n das gedra te word nie.

### Dames (halslyne en naelpolitoer soos vir die uitdunrondes):

- **Roksome:** Lang rokke is die beste maar maak seker dat jy nie oor die soom struikel nie. Die rok moet dus nie oor die verhoog sleep nie. Pianiste moet seker maak dat die roksoom nie hul pedaalwerk benadeel nie. Soom net bokant die skoen is perfek.
- **Skoene:** Behalwe as jy oortuig daarvan is dat jy kan optree terwyl jy op spykerhakke

balanseer, moet jy dit liefste nie probeer nie. (Boonop sal 'n fisioterapeut of chiropraktisyn jou kan vertel dat hoë hakke soveel ekstra spierkrag vir balansering vereis dat jou rugspiere nie veel met fyn motoriese koördinasie van bv. jou vingers kan help nie.) 'n Hak vertoon beslis deftiger, maar hou dit by 5 cm of minder. **As jy op spykerhakke aandring, oefen dan eers met hulle.**

### 3. OMBLAAIERS

Trek aan om onopsigtelik te wees. As die beoordelaars se oë gedurig na die omblaaiër afdwaal is hul aandag nie op die voordraer nie. Dra 'n swart langbroek of 'n swart romp, konserwatiewe swart top of hemp vir alle rondes. Geen minirompe of laaggesnyde toppies nie.

### 4. UITRUSTINGS WAT PROBLEME KAN VEROORSAAK.

Toets die uitrusting eers tuis om latere probleme te voorkom.

- **Pianiste:** Baie rokstyle het groot en los moue. Pianiste wat tydens die uitvoering met die hande oorkruis moet speel kan vind dat die moue in hul pad is. Dit kan jou spel vertraag en jou van stryk bring. As jy hoegenaamd oorkruis moet speel, kies 'n noupassender mou.
- **Spaghetti-bandjies:** Hierdie roksoort - as jy daarmee kan regkom (bo-armvleis kan rondflap tydens vinnige armbewegings) - het baie voordele soos volkome vryheid van beweging in die skouers en arms. Ook as jy geneig is om baie warm te kry is hierdie styl ideaal. Maak egter seker dat die bandjies dubbel gestik is vir ekstra sterkte. Jy wil allermins hê dat 'n bandjie breek, veral as die lyfie van die rok oor geen ander strukturele ondersteuning beskik nie.
- **Skouerlose rokke:** Hierdie rokke bied ook volkome vryheid van beweging in die skouers en arms maar sommige materiale sal nie die konstante armbewegings van pianiste en strykers kan weerstaan sonder om af te gly nie. Om voortdurend die materiaal te moet optrek kom verslons voor, alhoewel die alternatief sekerlik erger is. Selfs al gly die materiaal nie kort-kort af nie sal jy jou daarvoor bekommer, wat konsentrasie op jou uitvoering sal belemmer. Behalwe as jy tuis met die rok geëksperimenteer het en beslis weet dat jy 30+ minute van armbewegings kan maak sonder dat die materiaal afgly, moet jy eerder 'n rok met skouerbandjies dra.
- **Gaan jou uitrusting altyd een laaste keer na voordat jy op die verhoog gaan:** Dasse reguit, ritssluiters toegetrek.

### 5. MEER VIR DIE DAMES

- **Oorweeg jy fluweel?** Dink mooi hieroor. Fluweel kan wonderlik vertoon, maar dis ook baie warm. Dit kan egter goed werk as romp, met 'n ligter materiaal vir die lyfie. Pianiste of tjelliste (wat sit) kan 'n gekreukeldefluweel voorkoms kry, en boonop op die sitvlak van die romp!
- **Goud en silwer:** Hierdie metale lyk soms nie dieselfde onder verhoogligte as in die winkel waar jy dit gekoop het nie. Sommige silwer lyk byvoorbeeld grys, wat maar saai is.
- **Jou uitrusting hoef nie 'n fortuin te kos nie:** Swart is die standaardkleur vir musici en vertoon goed met bykans enige kleur. Begin dus met een deftige swart langbroek en een

deftige lang aandromp. Dit is 'n goeie belegging aangesien jy dit as werkende musikus sal nodig kry. Voeg dan 'n paar bloese en aandtoppies hierby: wit, helder kleure (van 'n afstand af vertoon enkelkleure of eenvoudige ontwerpe meer treffend as bont materiale), glansmateriale in silwer en goud lyk almal goed in kombinasie met swart.

- **As jy net genoeg geld vir een paar skoene het:** Maak seker dit is 'n deftige paar swart skoene, met 'n betreklike lae hak wat goed met sowel die deftig-informele broek as die aandromp sal vertoon.

**Becky Steltzner, Hoof: Blaasinstrumente en Kamermusiek  
SA Musiekkollege, Universiteit van Kaapstad**